higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N900**(A)**(J8)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

KOMMUNIKASIE N4
(Tweede Vraestel)

(5140264)

8 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:00

TOEBOEKEKSAMEN

TWEE woordeboeke (tweetalig/verduidelikend) mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KOMMUNIKASIE N4
(Tweede Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. ALLE werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

GS

AFDELING A: BASIESE KOMMUNIKASIEBEGINSELS

VRAAG 1

Gee VYF voordele vir organisasies wanneer lede oor doeltreffende kommunikasievaardighede beskik. **[5]**

VRAAG 2

Noem die maniere waarop terugvoer in die kommunikasieproses kan geskied. **[4]**

VRAAG 3

Bestudeer die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae.



3.1 Noem die kommunikasiekategorie uitgebeeld deur die eerste drie dele van die strokiesprent. (1)

3.2 Bespreek emosies as 'n faktor wat kommunikasie beïnvloed. (2)

3.3 Is die kommunikasie in die eerste drie dele verbaal of nieverbaal? Gee 'n rede vir die antwoord. (2)
[5]

VRAAG 4

Bestudeer die strokiesprent hier onder en beantwoord die vrae.



4.1 Definieer die term *akoestiese semiologie*. (2)

4.2 Noem die soort akoestiese semiologie in die strokiesprent. (1)

4.3 In die strokiesprent word proksemiek ook gebruik.

Noem die volgende sones en bespreek elkeen kortliks:

4.3.1 Die sone in die eerste gedeelte van die strokiesprent tussen die ouers.

4.3.2 Die sone in die tweede gedeelte van die strokiesprent tussen die ouers.

4.3.3 Die sone in die derde gedeelte van die strokiesprent tussen die ouers en hul seun.

(3 × 2) (6)
[9]

VRAAG 5

Nieverbale kommunikasie is universeel.

Stem jy saam met hierdie stelling? Gee 'n rede vir die antwoord. **[3]**

VRAAG 6

Gee VIER voordele van goeie luistervaardighede. **[4]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGS EN SOSIALE INTERAKSIE

VRAAG 7

Definieer die term *selfbeeld*. **[3]**

VRAAG 8

Noem die dimensies van selfbeeld. **[5]**

VRAAG 9

Onderskei tussen 'n *goeie selfbeeld* en 'n *swak selfbeeld*. (2 + 2) **[4]**

VRAAG 10

Bespreek die vereistes waaraan voldoen moet word vir positiewe selfbeeldgroei.
(3 × 2) **[6]**

VRAAG 11

Bestudeer die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae.



11.1 Noem die soort steurnis in die strokiesprent. (1)

11.2 Definieer die soort steurnis in VRAAG 11.1. (2)

11.3 Verduidelik wat gelei het tot die steurnis. (2)
[5]

VRAAG 12

Gee 'n voorbeeld van elk van die volgende:

12.1 'n Perseptuele steurnis as gevolg van persoonlikheid

12.2 'n Sielkundige steurnis

(2 × 2) **[4]**

VRAAG 13

Verduidelik die wisselwerking tussen verskillende steurnisse. **[3]**

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: ORGANISATORIESE KOMMUNIKASIE

VRAAG 14

Onderskei tussen *interne kommunikasie* en *eksterne kommunikasie*. (2 + 2) **[4]**

VRAAG 15

Noem die basiese hiërargiese strukture. **[3]**

VRAAG 16

Noem die verskillende kommunikasiewyses binne 'n organisasie en gee 'n voorbeeld van elk. (4 × 2) **[8]**

TOTAAL AFDELING C: 15

GS

AFDELING D: ONDERHOUDVOERING

VRAAG 17

Definieer die term *onderhoud*. **[3]**

VRAAG 18

Verskillende soorte vrae kan tydens 'n onderhoud gestel word.

18.1 Gee 'n voorbeeld van 'n leidende vraag. (2)

18.2 Waarvoor kan 'n spesifieke vraag gebruik word? (2)

18.3 'Waar sien jy jouself oor vyf jaar?' is 'n voorbeeld van watter soort vraag? (2)

18.4 Gee 'n voorbeeld van 'n reflektiewe vraag. (2)
[8]

VRAAG 19

'n Onderhoud bied 'n applikant die geleentheid om sy/haar vaardighede en ervaring te 'verkoop'.

19.1 Gee VYF wenke vir die applikant tydens voorbereiding vir die onderhoud. (5)

19.2 Gee VIER wenke vir die applikant tydens die onderhoud. (4)
[9]

TOTAAL AFDELING D: 20

AFDELING E: VERGADERINGSPROSEDURE

VRAAG 20

Noem die vernaamste soorte privaat vergaderings. **[3]**

VRAAG 21

Definieer elk van die volgende terme:

21.1 Kworum

21.2 Verbatim

(2 × 1) **[2]**

TOTAAL AFDELING E: 5
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou